# NGSHO (09227050)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Prof PH du Toit pieter.dutoit@up.ac.za |

## Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad aan ? erkende universiteit; of
- 'n Nasionale Diploma; of
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes of ander gelykwaardige kwalifikasie, en ? ander M+3 kwalifikasie wat tesame met gepaste ondervinding, na oordeel van die Dekaan toelating tot die program regverdig.
- Studente wat nie oor die nodige toelatingsvereistes (M+3) beskik nie, kan deur die voorlegging van ? portefeulje wat hulle werkverwante ervaringe uiteensit, die “erkenning van vorige leerervaringe (EVL)-roete” volg om vir toelating tot die program oorweeg te word. Hierdie portefeulje moet in oorleg met die pakketkoördineerder opgestel word en saam met die aansoek om toelating voor die sluitingsdatum ingedien word.

## Slaag met lof

Ten einde die sertifikaat met lof te verwerf, moet ’n student ’n gemiddelde van 75% behaal, met ’n minimum van 70% in elke module.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

Alle "Fundamentele modules" en "Kernmodules" moet gekies word saam met twee "Keusemodules".

## Fundamentele modules

### Mediëring van leer 400 (LMD 400)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die funksie van leeronderhandelaar en fasiliteerder van leer as sentrale rol van die hoëronderwyspraktisyn. Toegepaste en geïntegreerde rolle van die praktisyn. Fasilitering van leer gemik op diverse behoeftes van leerders, insluitend leerders met spesiale behoeftes. Skep van leergeleenthede wat bevorderend is vir leer. Leerstylveelsydigheid en meervoudige intelligensies. Effektiewe onderwyskommunikasie. Implementering van strategieë en gebruik van bronne gepas vir die Suid-Afrikaanse konteks. Begeleiding van studente. Akademiese ontwikkeling oor die kurrikulum. Volwasseneleerteorie. Toepassing in outentieke praktyk.

### Professionele ontwikkeling 400 (PFO 400)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Professionele ontwikkeling van hoër onderwyspraktisyns. Selfassessering. Ontwikkeling van die volle potensiaal van die praktisyn. Die rol van aksienavorsing. Ontwikkeling van ‘n professionele portefeulje.

## Kernmodules

### Assesseringspraktyk 410 (ASK 410)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

### Module-inhoud

Metodes van formatiewe en summatiewe assessering. Basiese beginsels van verantwoordbare assessering. Rekordhouding van leer. Assesseringsinstrumente.

## Gemeenskapgebaseerde leer 420 (GBL 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

### Module-inhoud

Nasionale beleid in hoër onderwys en gemeenskapdienslewering; burgerskap; kenmerke van effektiewe gemeenskapdiensprogram; fundamentele kenmerke van gemeenskapdiensvennootskappe; ontwikkeling van ‘n kampusgemeenskapsteorie en praktyk; ontwikkeling van infrastruktuur vir gemeenskapdiens en gemeenskapsbetrokkenheid; vennootskappe tussen diensleweringorganisasies en hoëronderwysinstellings; beginsels en profiele van vennootskappe met gemeenskaporganisasies; vennootskappe vir aksienavorsing; betrokkenheid van korporatiewe vennote; gemeenskapdiensprojek.

## Kurrikulumontwikkeling 410 (KRO 410)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

### Module-inhoud

Verkenning van modelle en beginsels van kurrikulumontwikkeling. Aanpassing van beginsels vir voldoening aan die vereistes van uitkomsgebaseerde kurrikulumontwikkeling. Ontwikkeling van ‘n studiehandleiding/-gids as uitkoms van uitkomsgebaseerde kurrikulumontwikkeling. Leer deur, vir en aangaande probleemgebaseerde leer.

## Leierskap en bestuur 420 (LAM 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

### Module-inhoud

Die rol en profiel van die onderwys-, opleidings- en ontwikkelingspraktisyn. Leierskap, administrasie en bestuur. Konflikbestuur. Spanbestuur. Netwerke.

### Onderwystegnologie 410 (OWT 410)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Media as leerbronne. Ontwikkeling en gebruik van media deur die leerder. Media en heelbreinleer, maksimering van meervoudige intelligensies, maksimering van potensiaal. Lae- en hoëvlaktegnologie. Multimedia-leerpakkette.

## Keusemodules

### Elektroniese leer 420 (CEL 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Elektroniese media vir leer. Integrering van elektroniese media in die praktyk. Webgebaseerde leer. Multimedialeerpakkette. Interaktiewe televisie-uitsending.

### Entrepreneurspraktyk 430 (EPP 430)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 7 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Onderwysbestuur en -beleidstudies |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die rol van onderwys en opleiding in entrepreneurskap, insluitend finansies, bemarking, beplanning en projekbestuur soos van toepassing op onderwys.

### Mentorskap 420 (MEP 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Beginsels van mentorskap. Strategieë vir mentorskap. Mentorskappraktyk. Leierskap: interpersoonlike aspekte.

## Navorsingsupervisie 420 (NSV 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Supervisie van nagraadse studente. Navorsingsleierskap. Navorsingsprojekbestuur. Navorsingsbefondsing.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.